Noordelike Sinode

TAAKSPAN JEUG: INFORMELE MENTORSKAP
Verslag

1. Opdrag

Die taakspan het opdrag gekry om die moontlike implimentering van *informele mentorskap* te ondersoek.

2. Opdrag

Taakspanleier: Christiaan Ackermann

Takspanlede: Jeanri Bezuidenhout, Corné Bootha, Carli Fourie, Freddie Prozesky, Anuschka Smit, Ernst van Wyk.

3. Uitvoering

Die taakspan het gereeld vergader (in persoon en aanlyn) om sodoende die konsep *informele mentorskap* te bespreek. Verskeie aanlyn bronne sowel as gesprekke met ander jeugleiers is ook gevoer. Tydens ons gesprekke het dit duidelik geword dat *informele mentorskap* meriete het, maar dat dit nie ‘n konsep is wat maklik in gemeentes toegepas kan word nie. Hier onder volg ‘n paar gedagtes van die taakspan se kant oor hoe ons oor *informele mentorskap* kan dink as kerk, asook ‘n paar praktiese voorbeelde van hoe dit in ‘n gemeente geïmplementeer kan word.

Informele mentorskap is ‘n wye begrip wat verskeie betekenismoontlikhede kan hê. Oor die algemeen beteken dit dat daar op ‘n informele manier ‘n verhouding ontwikkel wat bestaan uit ‘n mentor en iemand wat gementor word. Hierdie proses geskied op ‘n organiese wyse en word nie formeel geskep nie. Wat is die verskil dan tussen formele en informele mentorskap?

Formele mentorskap is wanneer ‘n verhouding intensioneel gefokus is op mentorskap. Jongmense wat bv. een maal per maand in gesprek met ‘n mentor tree. Die doel van die gesprek is mentorskap en alby partye is daarvan bewus. Tydens formele mentorskap, deel die persoon wat as mentor optree, waardevolle lewensvaardighede met die persoon (in dié geval die tiener wat gementor word). Dit is ‘n beheerde proses met sekere uitkomste. Kategese of tiener kleingroepe is ‘n voorbeeld van formele mentorskap. Die kategeet kan een-tot-een met elke tiener op ‘n gereelde basis vergader.

Informele mentorskap ontstaan organies en daarom is dit moeilik om dit prakties in ‘n kerkomgewing toe te pas. Ons moet eerder van intensionele informele mentorskap praat. Intensionele informele mentorskap skep geleenthede waarbinne mentorskap op ‘n informele manier kan ontwikkel. ‘n Voorbeeld hiervan sou wees dat daar buiten die kategeet of kleingroepleier ‘n

ander persoon beskikbaar is wat op verhoudingsbou fokus. Die doel is dus nie Bybelkennis en geestelike leiding nie maar eerder gesprekke oor die lewensvrae van jongmense. Informele mentorskap het nie ‘n gestruktureerde en doelgerigte gesprek in gedagte nie. Dit het ‘n oop uitkoms in gedagte, m.a.w. dit gaan oor die behoefte van die persoon wat gementor word. Daar is dus nie gestruktureerde of uitgewerkte vrae nie.

Intensionele informele mentorskap skep die geleentheid vir jongmense om te besef dat daar mense is wat omgee en hulle bystaan in die verskillende fases van hulle lewens. Jongmense word dus nie net gelos om hulle eie weg in die dag-tot-dag hantering van die lewe te vind nie. ‘n Informele mentor is dus ‘n persoon wat saam met die jongmens op reis is. Wat help om rigting te gee en ervaring te deel. Hierdie tipe van verhoudings is kosbaar en van onskatbare waarde.

Intensionele informele mentorskap het ook die potensiaal om ‘n intergenerasionele kerkomgewing te skep, waar verskillende generasies mekaar mentor.

Idees oor informele mentorskap in gemeentes

Ons besef dat daar verskillende NG kerke bestaan wat elkeen ‘n unieke konteks het. Daarom is die voorbeelde hieronder nie noodwendig in elke gemeente haalbaar nie. Die gedagte is dat gemeentes hierdie voorbeelde evalueer en die kies wat in haar eie konteks haalbaar is. Verder moet hierdie gesien word as voorbeelde wat moontlik nuwe idees kan stimuleer. Gebruik dus hierdie voorbeelde as riglyne.

1. Speletjiesaande.
   Daar kan een maal per maand ‘n speletjies aand gehou word waar ‘n volwassene bv. ‘n kaartspeletjie saam met ‘n groep jongemense speel. Tydens hierdie geleentheid kan die volwassene op ‘n informele manier gesprekke met die jongmense hê. Die geheim lê daarin dat die jongemense nie voel hulle word amptelik gementor of ondervrae nie, maar opregte en eerlike gesprekke.

2. Staptoere.
   Die belydenisgroep of enge ander tiener groep in die gemeente, kan op ‘n staptoer gaan. Dit skep die ideale geleentheid om op ‘n informele manier met jongmense te gesels. Dink aan die wonderlike gesprekke rondom die kampvuur in die aand en die gesprekke wat op die roetes ontstaan. Wat ‘n wonderlike geleentheid om op ‘n informele manier met jongmense te “connect” en op so wyse te mentor.

3. Praktiese geleenthede
   Doen dit saam met bestaande kundigheid in die gemeente. Laat die jongmense bv. houers uit hout bou vir hulle selfone op hulle bedkassie. Nooi hulle om witlapskoene kerk toe te bring en dit in patrone te verf. Al hierdie is geleenthede om te connect. Gespreksvrae kan so ‘n geleentheid nog

verder verryk. Gebruik bv. hierdie geleentheid om vir hulle te vra wat simboliseer hulle houtkissie of verfkuns rakende hulle verhouding met God.

4. Inkubasie
   Begin ‘n program program waar jongmense deur die ouer lidmate in die gemeente met spesifieke gawes en ambagte geleer word om die basiese ambagte van die lewe te leer. Sweiswerk, houtwerk, breiwerk, kunswerk, hoe om ‘power tools’ te gebruik. Hierdie geleenthede skep ‘n omgewing vir informele mentorskap om organies te ontwikkel.

5. Omgewingsbetrokkenheid
   Skakel bv. in by inisiatiewe waar die omgewing skoongemaak word. Gesels dan op ‘n informele manier met ‘n jongmens en leer die jongmens ken.

6. “Pop-ups”
   Doen ‘pop-ups’ waar jongmense in kreatiewe spasies bymekaarkom om te gesels (restaurante, koffiewinkels ens.). ‘n Goeie manier om met jongmense te werk is om te praat van ‘secret kitchens’. Die doel is om jongmense gretig te maak om saam te kom kos eet en dan te gesels oor die lewe en die Here.

7. Spanne
   Stig informele jeugmentospanne wat die sportbyeenkomste, funksies en kultuurgeleenthede van jongmense bywoon. Wanneer die jongmense hulle by hierdie geleentheid sien, skep dit gesprekspunte wat later in informele mentorskap kan ontwikkel.

Dus: Dink kreatief en uit die boks en wees vloeibaar. Dink aan geleenthede binne en buite die kerk waar jeugmentors met jongmense op ‘n informele manier kan ‘connect’. Onthou dat informele mentorskap nie-konfronterend, eerlik, opreg en in wese, organies ontwikkel.

4. Slotwoord

Na verskeie gesprekke met jeugleiers in gemeentes, het dit duidelik geword dat jeugbediening in gemeentes na die Covid pandemie, verskeie uitdagings in die gesig staar. Daar is ‘n groot behoefte van jeugleiers en gemeentes om saam te dink oor die behoeftes wat gemeentes het rakende jeugbediening post-Covid. *Informele mentorskap* vorm deel van groter gesprekke en ‘n groter uitdaging.

Die taakspan is dus van mening ‘n nuwe taakspan op die been gebring moet word wat bogenoemde behoeftes rakende jeugbediening post-Covid verder ondersoek.